

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA OLIESADE	DATUM	DATUM				+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2020/06/01	2020/05/29				2020/05/25		2020/05/04		2019/06/03	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
Brent (\$/b)	37.72	1.61	4.5%	36.11	6.3%	35.50	44.5%	26.11	-38.8%	61.63	
US\$: ? ZAR	17.33	0.150	-0.9%	17.48	-1.3%	17.55	-8.2%	18.88	18.9%	14.58	
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 221.39	-32	-1.4%	R 2 253.01	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day						
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 3 315.02	11	0.3%	R 3 303.89	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day						
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 5 352.68	-87	-1.6%	R 5 440.11	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jul + -12 : 00 the previous day						
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)											
Corn Jul '20	325.60	-1.80	-0.5%	327.40	2%	318.00	3%	315.40	-28%	455.20	
Wheat Jul '20	520.60	6.20	1.2%	514.40	2%	508.60	0%	519.40	-6%	555.00	
Sojabone Jul '20	840.60	-6.40	-0.8%	847.00	1%	833.20	1%	836.40	-11%	939.40	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))											
SORGHUM Spot	3161.00	0	0.0%	3161.00	0.0%	3161.00	-1.7%	3215.00	-3.6%	3280.00	
WMAZ Spot	2404.00	46	2.0%	2358.00	-14.8%	2823.00	-5.7%	2550.00	-16.7%	2886.00	
WMAZ Jul 20	2417.00	42	1.8%	2375.00	0.3%	2410.00	0.1%	2414.00	-18.9%	2982.00	
YMAZ Spot	2532.00	32	1.3%	2500.00	-5.0%	2665.00	-0.2%	2538.00	-11.2%	2852.00	
YMAZ Jul 20	2543.00	36	1.4%	2507.00	-0.2%	2548.00	-0.1%	2546.00	-11.5%	2872.00	
SOY Spot	6350.00	50	0.8%	6300.00	1.0%	6287.00	-2.7%	6524.00	22.1%	5200.00	
SOY Jul '20	6400.00	43	0.7%	6357.00	0.7%	6357.00	-2.9%	6588.00	21.7%	5260.00	
SUN Spot	5595.00	-12	-0.2%	5607.00	-4.7%	5870.00	-5.6%	5926.00	9.8%	5097.00	
SUN Jul '20	5652.00	-33	-0.6%	5685.00	-4.7%	5931.00	-6.5%	6048.00	9.2%	5174.00	
WHEAT Spot	5316.00	6	0.1%	5310.00	-4.0%	5540.00	-1.8%	5414.00	19.0%	4466.00	
WHEAT Jul '20	5300.00	8	0.2%	5292.00	-1.6%	5387.00	-2.9%	5461.00	18.6%	4470.00	
OLIESADE (US\$/ton)	2020/05/29	Bron: Oilworld				2020/05/22	2019/03/22	2018/04/30			
Soya-oil, Arg.	626				0.5%	623	-9%	685	-7%	676	
Soya-pell, Arg.	317				-1.6%	322	-3%	326	-14%	368	
Soybean, Brazil	364				0.3%	363	-4%	379	-11%	410	
USA Runner 40/50	1450				-2.0%	1480	12%	1300	12%	1300	
Sun-oil, Arg.	740				2.8%	720	11%	665	-8%	800	
Sun-oil, Black Sea	760				2.7%	740	13%	675	1%	750	
Sunseed,Black Sea	415				0.0%	415	12%	370	1%	409	
Rapeseed, EU cif	410				-0.5%	412	-2%	417	3%	399	
Palmk oil Mal, EU	680				7.9%	630	-6%	720	-34%	1037	

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week. Die fondse in die VSA was groot kopers van Amerikaanse sojabone verlede week. Die moontlike ontstaan van droër weerstoestande in gedeeltes van die Midde weste het ook ondersteuning aan die Amerikaanse sojaboonmark gebied. China het verlede week ook Amerikaanse sojabone aangekoop ten spyte van die feit dat die handelsgeskille tussen hierdie twee lande steeds ver van opgelos af is. Die Chinese aankope is egter steeds aansienlik laer as onder normale omstandighede. Brasilië se sojaboonvoorraad is besig om vinnig te dal weens die bo gemiddelde sojaboon uitvoere wat tans plaasvind. Meeste van die Brasiliaanse sojabone word na China toe uitgevoer, waar daar tans 'n baie sterk vraag na invoere is. Die groot hoeveelheid Brasiliaanse sojaboon uitvoere ondersteun die Brasiliaanse sojaboonpryse wat weer die persmarges in Brasilië onder druk plaas aangesien die sojaboonmeel pryse nie saam met die sojaboonpryse toeneem nie. Die verwagting is dat beide Brasilië en Argentinië se sojaboonverwerking vir die seisoen laer behoort te wees as wat aanvanklik gereken was. Laer verwerking in hierdie twee lande lei tot laer uitvoere van sojaboonmeel en sojaboon olie. Die verwagting is dat die daling in die uitvoere vanaf Suid-Amerika opgemak sal word deur hoër uitvoere vanaf die VSA. Die VSA se sojaboonverwerking, asook uitvoere van sojaboonmeel en olie lyk tans goed. Oor die algemeen het die wêreld uitvoere van sojaboonmeel afgeneem sedert Januarie 2020. Die Januarie tot April 2020 uitvoere van sojaboonmeel is ongeveer 10% laer gemeet teenoor dieselfde tydperk van 2019. Die verwagting is dat die uitvoere vir die res van die seisoen ook laer behoort te wees, alhoewel dit nie so drasties laer behoort te wees soos die eerste 4 maande van 2020 nie. In Argentinië is die sojaboon stroop proses ongeveer 97% voltooi. Dit is die vinnigste wat die Argentynse sojabone in die afgelope 9 jaar gestroop is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het Vrydag meestal ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die sojaboonmark het vir lewering in Julie 2020, R43/ton hoër verhandel om teen R6 400/ton te sluit.

**Sonneblomsaad:** In die Oekraïne het die sonneblomsaad verwerking gedurende April seisoenaal afgeneem, maar die jaar tot datum sonneblomsaad verwerking is ongeveer 1.45 miljoen ton meer as die vorige seisoen se jaar tot datum verwerking. In Rusland is die verwagting dat die sonneblomsaad verwerking gedurende Mei tot Augustus gelykstaande behoort te wees aan die vorige seisoen se verwerking vir dieselfde tyd van die jaar. Die goeie tempo van verwerking wat tot dusver hierdie seisoen plaasgevind het, het die sonneblom voorraad in Rusland skerp laat dal. Die sonneblomsaad verwerking was gedurende April ongeveer 1.3 miljoen ton meer as wat aanvanklik verwag was. In Argentinië het die verwerking van sonneblomsaad gedaal tot 'n 4 jaar laagtepunt vir die 2020 kalender jaar tot datum. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het Vrydag hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die mark het vir lewering in Julie 2020, R33/ton laer verhandel om teen R5 652/ton te sluit.

**Kanola:** In Kanada het die kanolamark verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week. Die Kanadese kanolamark het verlede week in 3 dae ongeveer 2.6% gedaal en verhandel nou weer teen die laagste vlak sedert einde April. Die spanning in die handel tussen die Kanada en China duur ook steeds voort en dus is die verwagtinge steeds dat die kanola uitvoere na China toe beperk sal wees. Die kanola verwerking in Kanada gaan steeds goed voort en die April verwerking was hoër as wat aanvanklik verwag was. Die seisoen tot datum se kanola verwerking in Kanada staan op 'n nuwe rekord. **Plaaslik:** Die Weskaap het verlede week wydverspreide reën gekry wat gunstig is vir die gesaaides wat reeds aangeplant is. Goeie opvolg reën sal egter van kardinale belang wees vir die produsente in die Weskaap, waar die kanola verbou word.

**Grondbone:** In die internasionale konteks het die sterker vraag na grondbone, tesame met die laer produksie die wêreld vraag en aanbod balansstaat onder druk gehou gedurende die 2019/20 seisoen. Daar is veral 'n sterk vraag na grondbone in China wat vanaf 'n netto uitvoerder na 'n netto invoerder beweeg het gedurende die seisoen. Argentinië se grondboon uitvoere het hierdie seisoen goed herstel en is ongeveer 42% meer as die vorige seisoen se uitvoere. Dit het ook die hoogste vlak in die afgelope 3 jaar bereik. **Plaaslik:** In die plaaslike grondboonmark het die NOK verlede week die grondboon produksie skatting vir die seisoen onveranderd gelaat vanaf die vorige maand se skatting. Die produksie vir die seisoen word op 62 470 ton geskat.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za